UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Welkom by die Afdeling Filosofie en Etiek van Geestesgesondheid

Visie

Om akademiese kapasiteit te ontwikkel in die interdissiplinêre area van filosofie en geestesgesondheid met die oog daaop om te b
die veld, by te dra tot persoongesentreerde geestesgesondheid en te reageer op die die diversiteit van individuele en kulturele bel
geestesgesondheidswerkers, gemeenskappe, sielkundiges, ander geestesgesondheidswerkers en filosowe.

Missie

1. Ontwikkeling van opleidings- en onderrigskapasiteit

- Om dinamiese, volhoubare en prakties relevante *opleidingsprogramme* in filosofie en geestesgesondheid te ontwikkel en te relevant tot die behoeftes van Afrika en Suid-Afrika is
- Om *intellektuele en praktiese vaardigheidskapasiteit* in filosofie en geestesgesondheid te bou onder die diverse mense van
- Om *onderrig en leergeleenthede en navorsingstudiebeurse* te vergroot

2. Ontwikkeling van navorsingskapasiteit

- Om streng *konseptuele en empiriese navorsing* in filosofie en geestesgesondheid te onderneem en te bevorder
- Om *vermoë* in konseptuele en empiriese navorsing in geestesgesondheid te bevorder
- Om *logiese kapasiteit* vir substansiële, hoë kwaliteit konseptuele en empiriese navorsing in geestesgesondheid te bou
- Om te help om te bou aan *uitnemendheid in geestesgesondheidspraktyk* deur filosofiese navorsing oor die konsepte wat g
- Om *filosofiese teorie* te bevorder deur die fenomene van psigiatrie meer toeganklik vir filosowe te maak
- Om *samewerkende leer* te verhoog en te fasiliteer deur die uitruil van idees, ondervinding, kennis en vaardighede wat aan filosofie verwant is
- Om deelname aan *nasionale en internasionale ontwikkelings, publikasies, konferensies, organisasies en gebeurtenisse* te geestesgesondheid verwant is

3. Beïnvloed geestesgesondheidpraktyk, -dienste, -beleid en -onderrig

- Om die *effektiwiteit* te verhoog van psigiaters en ander geestesgesondheidwerkers as praktisyns, leermeesters en navorse kwessies wat in hierdie aktiwiteite gegrond is, te verlig
- Om geestesgesondheidpraktyk, diensontwikkeling, beleid en onderrig te beïnvloed deur middel van ‘n *waardering vir indivi* onder geestesgesondheidswerkers, samelewings, psigiaters en ander geestesgesondheidswerkers
- Om *verantwoordelike debatte* oor kontensieuse kwessies in geestesgesondsheidpraktyke, -dienste,- beleid en -onderrig in van internasionale belang te bevorder
- Om saam te werk met internasionale, Afrika- en Suid-Afrikaanse tersiêre instellings om *die opvoedkundige, navorsings- en* psigiatrie onderskeidelik, en as ‘n interdissiplinêre vak te bevorder

Nuus

Afrikadag: □n Oproep om □n meer supranasionale AU (om menseregte beter op die vasteland te beskerm) - 24/05/2013

Hierdie jaar is die 50ste herdenking van Afrikadag sedert die ontwykende soeke na Afrika-eenheid formeel op 25 Mei 1963 begin het, die dag waarop die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) tot stand gekom het. Ten spyte van die versnelde integrasie wat met die transformasie van die OAE tot die Afrika-unie (AU) gepaardgegaan het, bly die AU vasgevang tussen twee teenstrydige opdragte: die verstewiging van kontinentale instellings en die versterking van nasionale soewereiniteit.
[Lees Meer]

Twee nuwe UP-geboue vereer met nasionale eiendomstoekennings - 22/05/2013
Die ontwikkeling van infrastruktuur by die Universiteit van Pretoria (UP) is eersteklas.

Dit is weer eens bevestig toe twee van die nuwe geboue op die Hatfield-kampus deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Eienaars van Eiendom (SAPOA) bekroon is met die vereniging se Toekenning vir Uitstaande Innovering.
[Lees Meer]

Die Nasionale Biodiversiteit- en Sakenetwerk amptelik geloods - 21/05/2013

Die Nasionale Biodiversiteit- en Sakenetwerk van Suid-Afrika is op 15 Mei 2013 amptelik by die Gordon Institute of Business Science (GIBS) in Sandton geloods. Die Universiteit van Pretoria is deur dr Claudious Chikozho en me Anesu Makina, albei van die Albert Luthuli Sentrum vir Verantwoordelike Leierskap (ALSVL), asook prof Don Cowan van FABI verteenwoordig.
[Lees Meer]

Opedag □n sukses! - 21/05/2013

Ek lig u graag in dat ek talle boodskappe vol positiewe terugvoering oor die UP Opedag 2013 ontvang het. Ek is veral ingenome met die opmerkings oor die besondere hulpvaardigheid en vriendelikheid van die personeel, studente en vrywilligers in die UP-span. My hartlike dank aan almal wat bygedra het tot □n positiewe ervaring vir ouers, voornemende studente, familielede, skoolhoofde en onderwysers. Ek wil u aanmoedig om die goeie werk voort te sit. Die Opedag is □n belangrike geleentheid vir die Universiteit om goeie studente te lok en om die Universiteit se reputasie en status in die breë uit te bou.
[Lees Meer]

Opedag 2013: Skoolleerders aangemoedig om die Universiteit van Pretoria te kies - 20/05/2013

□Om te besluit om by □n universiteit in te skryf, en dan te besluit watter universiteit om by te woon, is die belangrikste besluite wat □n jongmens in sy of haar lewe kan neem. Neem dus □n goeie besluit: kies die Universiteit van Pretoria.□
[Lees Meer]

TuksGholf-oefensentrum amptelik geopen by die Universiteit van Pretoria - 17/05/2013



Die Universiteit van Pretoria is trots op sy welbekende prestasies op verskeie sportterreine. Hierdie prestasies kan toegeskryf word aan die Universiteit se sportfasiliteite wat van die beste onder Suid-Afrikaanse universiteite is. Nou het die Universiteit, deur TuksSport en die high performance centre (hpc), □n verdere stap gedoen deur amptelik □n gholf-oefensentrum te open.
[Lees Meer]

Suid-Afrikaanse regsprofessor lê verslag voor aan Verenigde Nasies oor Dodelike Robotte (Lethal Robots) - 16/05/2013

Christof Heyns, 'n Suid-Afrikaanse professor in menseregte, lê op 29 Mei 2013 'n verslag voor aan die Verenigde Nasies (VN) se Raad vir Menseregte oor Dodelike Outonome Robotte (Lethal Autonomous Robots [LARs]). Prof Heyns is verbonde aan die Universiteit van Pretoria (UP) en is in 2010 as die VN Spesiale Rapporteur oor buitegeregtelike, summiere en arbitrêre teregstellings aangestel. Hy het die afgelope jaar wêreldwyd navorsing gedoen oor die vraag of state toegelaat moet word om Dodelike Outonome Robotte wapens wat na ontplooiing dodelike geweld kan gebruik sonder verdere menslike tussenkoms tydens oorlog of vrede te gebruik. **[Lees Meer]**